

**8 AUGUSTUS**

**SKRIFGEDEELTE : PSALM 62**  
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 62:2a**

**Stil voor God**

Ons beleef 'n gejaagde tyd vol spanning en stres. Daar is net nie tyd nie, veral nie tyd vir stilsit en stilword nie. Toe Dawid Psalm 62 geskryf het, het hy dit nie maklik gehad nie. Mense het hom valslik beskuldig en wou hom selfs doodmaak (vs. 4). Wat doen Dawid? Hy gaan na God toe – ja, hy bid! Dán vind hy rus en kalmte en krag. Hy is stil voor God. Weet u, om voor God en by God stil te word, is 'n gawe van die Heilige Gees, 'n gawe wat in ons dae besig is om te verdwyn. Maar die heerlike is dat as jy vandag voor God stil word, sal jy die rus en kalmte van God se teenwoordigheid ervaar. God is ons rots en toevlug (vs. 7-8).

Wat doen mens as jy onrustig is, spanning ervaar, stres oor al die misdaad in ons land jou uitmergel, jy vrees vir siekte en pyn? Wat op aarde kan tog rus en kalmte bring? Nét God, sê hierdie psalm. Ons fokusvers sê: "Net by God vind ek rus ..." Deur Jesus Christus skenk God inderdaad sielsrus aan sy kinders, want Jesus het deur sy versoening aan die kruis ons Verlosser geword, jou Verlosser wat aan jóú rus skenk. God is in beheer. Vind daarom vandag in God rus en vrede.

*Sing: Psalm 62:4, 8*

*Ds Nico Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)*